Verwysing: 20200124-3550
Lêernommer: 13/7/1/2
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuursminuut: 0001/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Praktiese Assesseringstake vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 2020

1. Inleiding:

1.1 Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het praktiese assesseringstake (PAT's) vir geselekteerde vakke opgestel. Hierdie PAT's maak deel uit van die assesseringsvereistes vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen in 2020 soos in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) van elke toepaslike vak uiteengesit is.

1.2 Die PAT's word intern by skole geassesseer en dan ekstern binne die provinsie gemodereer.

2. Vakke wat PAT's insluit:

2.1 Landboubestuurspraktyke, Landboutegnologie

2.2 Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste

2.3 Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie

2.4 Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme

2.5 Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Meganiese Tegnologie, Tegniese Wetenskappe

3. Assessering van PAT's:

3.1 Die PAT-riglyne vir 2020 kan op die DBO se webwerf afgelaai word deur die volgende skakel te gebruik: https://bit.ly/2RajEeI (of verkry toegang tot die DBO se tuisblad en klik op *Curriculum/Curriculum Statements (NCS) GrR-12/Practical Assessment Tasks* en *2020 Grade 10–12 PATs*).

3.2 Die PAT-riglyne moet aan die betrokke vakonderwysers voorsien word sodat hulle hierdie dokumente kan gebruik om vir die implementering van hierdie assesserings gedurende die eerste drie kwartale van 2020 te begroot en te beplan.

3.3 Die betrokke vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners sal deur die loop van die jaar ondersteuning bied. Skole moet dus toesien dat die betrokke onderwysers die distriksvergaderings wat oor die assessering en moderering van PAT's handel, bywoon.

4. Prinsipale en amptenare van onderwysdistrikte word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeel, ouers en leerders te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-01-24